

HEBREËRS 12: 1 – 3

*1 Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop,*

*2 **die oog gevestig op Jesus**, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.*

*3 Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.*

1. DEEL MET MEKAAR wat in die tyd gebeur het tussen jul laaste byeenkoms verlede jaar en vandag se eerste byeenkoms vir 2018 (lief en leed).

DEEL OOK wat in hierdie tydperk gebeur het wat jou verhouding met God laat groei het / jou nader aan God gebring het.

2. PRAAT ONDER MEKAAR: Wat verstaan julle onder vanjaar se jaartema

“Saam volg ons Christus”?

3. LEES Hebreërs 12: 1-3. Wat staan vir jou uit / Wat spreek tot jou?
4. Hoe kan ons mekaar help om “die laste” en “die sonde wat maklik verstrik” af te gooi? Hoe kan ons mekaar help om “met volharding te kan hardloop”?
5. BESPREEK: Wat is die dinge in vandag se tyd wat ons geestelik moeg maak en laat uitsak? Noem praktiese sake.
6. PRAAT SAAM oor die belofte in vers 3 “dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie”
7. BID SAAM: Vir 2018 in die algemeen; Vir Rietfontein-Suid en die bediening wat in en vanuit die gemeente gedoen word; vir REËN